



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS HUISTAAL V2

2015

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 27 bladsye.

NASIENRIGLYNE

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**
2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.
3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
6. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
7. *Literêre opstel*
As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepeenaliseer het. As die opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die memorandum is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die literêre opstelle na te sien.
8. *Kontekstuele vrae*
As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie.
9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

AFDELING A: GEDIGTE**VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Inleidingsparagraaf

Die kandidate kan enige gepaste inleidingsparagraaf aanbied, bv.

- Dié gedig beeld die lewe van diegene wat in 'n bepaalde ruimte/tyd/omgewing/tydperk/apartheidbestel/tuislandbeleid uitgelewer is, uit.
- Volgens die kultuur waarin *beauty* gebore is, sal **daar eendag vir haar lobola (beeste) betaal** word deur haar toekomstige skoonouers wat tot moontlike rykdom vir haar eie ouers sal lei./bv. versreël 16: *ek het beeste gebaar*
- **Die ruimte wat in die gedig/tydens die geboorte voorkom, getuig van armoede**, want daar is nie kos nie/die baba is in die buitelug gebore./Bv. versreël 18: *en die mielies klaar/versreël 3: omring deur die sterre se liggies/versreël 4: en koerante kaal klip.*
- **Die ruimte waarin die pa hom bevind, is die myn**, want dit is waar die meeste trekarbeiders gewerk het./hy verdien geld vir sy gesin./Bv. versreël 20: *oopgeskiet tussen lae klip*
- **Die geboorte van die baba is ook 'n tydsaanduiding**, want die baba is in 'n eensame nag in die winter gebore./Bv. versreël 2: *op 'n wintersnag so all forlorn*
- **In die aand, nadat hy moeg gewerk is, droom die pa van sy dogter**, want die goeie nuus/opgewondenheid streel sy moegheid weg./Bv. versreël 30: *saans as hy sy moegheid streel*
- **In die briewe kan 'n bepaalde milieu van die gedig raakgelees word.**
 - Die eerste brief is deur *beauty* se ma uit Dimbaza (die tuisland, Ciskei)/apartheidsjare gestuur.
 - Sy sê *beauty* is onder die sterre/in armoede /op 'n wintersnag gebore./Bv. versreël 17–18: *op 'n wintersnag so all forlorn met die sterre se goud.*
 - Dit is die gebruik dat die pa, wat in die stad werk/'n trekarbeider is, geld huis toe sal stuur. Daarom het die ma vir die pa gevra om geld te stuur./Bv. versreël 13: *en te vra van die geld*
 - Die vrou versorg die landerye terwyl die man in die stad werk./Die ma het aan die pa vertel dat die mielies (hul kos) klaar is./dat die mielies klaar geplant is./die oes klaar is./Bv. versreël 18: *en die mielies klaar*
 - Die ma het aan haar man gesê dat sy beeste gebaar het, dus was daar volgens die kulturele gebruik, die vooruitsig op lobola./'n rykmanswêreld./Bv. versreël 16: *o my man ek het beeste gebaar.*
 - Die pa het die tweede brief vanuit die stad/myne/as trekarbeider gestuur.
 - Die pa het die brief in die laatnag gelees, want hy het toe eers tyd gekry/in die dag gewerk./Bv. versreël 22: *in 'n laatnagbrief: my vrou*

- Terwyl die pa ver van die huisgesin gewerk het, kon hy nie by die geboorte wees nie, en het die boodskap aan *beauty* gestuur dat hy haar liefhet, bv. versreël 27: *om te sê hy het haar lief*
- Die pa het sy brief per lugpos gestuur om die boodskap vinnig by haar uit te kry, bv. versreël 25–26: *hy't sy brief gepos ... 'n lugposbrief aan beauty douglas*
- Die derde brief wat die ma op 'n sonskynmiddag/uit die tuisland/dorp/Mnxesha aan die pa op die myne gestuur het, het slegs die tragiese nuus bevat dat *beauty* dood is./Bv. versreël 34–35: *"beauty douglas was born she died"*

Slotparagraaf

Die kandidate kan enige gepaste slotparagraaf aanbied, bv.

- Dié tyd en ruimte (milieu) waarvan die spreker in die gedig praat, dra by tot die begrip van die gedig.

10

OF

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**Kwatriyne – Ina Rousseau**

Vraag	Antwoord	Punt
2.1	Gebroke rym ✓	1
2.2	'n Akteur/mens/onbekende persoon. ✓ Ja. Kwatriyne 10 en 13 vorm 'n gedagte-eenheid, daarom kan dit een spreker wees./ Omdat die spreker universeel van toepassing is, kan dit dieselfde spreker wees. ✓ OF Nee. Kwatriyn 13 vorm 'n afsonderlike gedig, daarom is dit 'n ander spreker. ✓	1 1
2.3	In die eerste deel word die stelling/waarneming gemaak/beeld geskep/(akteursrol). ✓ In die tweede deel word die stelling van toepassing gemaak./bring kontras wat groei tot 'n bepaalde beeld oor die lewe./(lewensrol)✓	1 1
2.4	Metafoor ✓ Aan die einde van jou lewe word jou kostuums/maskers uitgetrek/ondergaan jy 'n gedaanteverwisseling/staan jy ongegrimeer/as jou ware self om verantwoording te doen voor die spelleier van die lewe. ✓ Ja. Die beelde wat in hierdie kwatriyne gebruik word, sluit by toneelspel/drama aan. ✓	1 1 1

2.5	<p>Die kandidaat gee sy/haar eie motivering hoekom hy/sy die betrokke vraag gekies het, bv.</p> <p>Kwatryn 11/sal U vir ons wat ons kostuums uittrek volgens ons moeite en geduld betaal? Ek sal wil weet of ek vergoed sal word vir my goeie daad/lewe en of dit tevergeefs was. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Kwatryn 13/Is ek van hierdie klug die held of teen die agterdoek 'n figurant? Dit is belangrik om erkenning te ontvang vir die lewe wat ek voluit geleef het en waarin ek nie net bloot bestaan het nie. ✓</p> <p>Die motivering verdien die punt.</p>	1
2.6	Die lewe is 'n toneelspel./Die mens is slegs 'n akteur in die lewe./God is die groot regisseur van die lewe. ✓	1
		10

OF

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG
Die huis luister – Daniel Hugo

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Die huis. ✓	1
3.2	<p>verwytskoor ✓</p> <p>Polisindeton/herhaling van <i>en</i> ✓</p>	1 1
3.3	Die inwoners sowel as die huis gaan agteruit./Die huis sowel as die inwoners word afgetakel. ✓	1
3.4	<p>Huismense/gesinne moet na mekaar luister./beter met mekaar kommunikeer. ✓</p> <p>Kommunikasie tussen gesinslede is nie altyd goed nie. ✓ Afwesige ouers/gesinslede veroorsaak dat daar nie genoeg met mekaar gekommunikeer word nie./na mekaar geluister word nie. ✓</p> <p>Die kandidaat bied sy eie redes aan vir TWEE punte, EEN punt elk.</p>	1 2
3.5	Die spreker wil beklemtoon dat die gesinne nie na mekaar luister nie./juis die nie-hoor van die inwoners beklemtoon./wil hê dat die lesers bedag daarop moet wees om kommunikasie te herstel. ✓	1
3.6	<p>Die inwoners gaan bly bid. ✓</p> <p>Die rusie/onmin/roesemoes/probleme gaan voort. ✓</p>	2
		10

OF

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG
Vroegherfs – NP van Wyk Louw

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	<i>nuwe wind</i> ✓	1
4.2	Die enjambement dui op die vloeiende proses van herfswording./Die wordingsproses. ✓ Die enjambement dui op die vallende blare. ✓ <i>die eerste blare val so stilweg (in die rook-vaal bos en laan)</i> ✓	2 1
4.3	Personifikasie ✓ Hy wil gestroop/gesuiwer word van dit wat oorbodig is in sy lewe. ✓	1 1
4.4	'n Gewyde/smekende/pleitende stemming. ✓ <i>O Heer/Heer laat</i> ✓	1 1
4.5	Nee. In die gedig beteken <i>nakend</i> gestroop./gesuiwerd./onbevlek. ✓ <i>Ja, kan nie as antwoord aangebied word nie.</i>	1
4.6	Ja. Die mens word gestroop/gesuiwer van sy eie waan./sy hoogmoed./gesuiwer om in die proses meer (geestelik) volwasse te raak. OF Nee. Die natuur is te wispelturig om op 'n mens se lewe van toepassing gemaak te word./ Groei word nie met herfs assosieer nie, eerder met lente. ✓ <i>Die kandidaat gee sy eie gepaste motivering vir een punt.</i>	1
		10

EN**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**
Highpriest van die Socialism – Adam Small

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	Na iemand wat die bevrydingstryd lei/bevrydingsaktivis/politikus. ✓	1

5.2	<p>Die retoriese vraag/vrae druk sy/haar ongeloof/skok uit. ✓</p> <p>Die bevryder woon in 'n weelderige huis. Die bevryder ry met 'n luukse motor./het duur pakke klere./het hope kos. Die bevryder leef in vyfster-weelde./hotelle. Die bevryder maak van eerste klas lugvervoer gebruik. ✓✓</p> <p><i>Die kandidaat bied sy eie redes aan vir TWEE punte, EEN punt elk. Die kandidaat mag die aanhaling uit die gedig as antwoord aanbied.</i></p>	1 2
5.3	(met daai) kamma (sed bek) ✓	1
5.4	<p>Die onderdrukte leef 'n <i>ordinary living</i>-leefstyl teenoor die aangesprokene se <i>five star style</i>./</p> <p>Die onderdrukte se klere is dié van werkers, <i>overalls</i>/oorpakke teenoor die aangesprokene se <i>blink suits</i>./</p> <p>Terwyl die onderdrukte <i>take away fish 'n chips</i>/vis en skyfies eet, geniet die aangesprokene <i>skorrelsvol yt daai plush hotels</i>. ✓✓</p> <p><i>Die kandidaat bied enige TWEE kontraste aan vir EEN punt elk. In elke geval moet beide kante van die kontras aangebied word vir een punt.</i></p>	2
5.5	<p>Die bevryder van die onderdrukte/valse profeet het hom-/haarself verryk terwyl daar nie bevryding van die massa plaasgevind het nie. ✓</p> <p><i>Die kandidaat gee sy eie, gepaste motivering, bv.</i></p> <p>Ja. Terwyl daar korrupsie en verryking in die land heers, word die meerderheid mense nie van hul armoede bevry nie. ✓</p> <p>OF</p> <p>Nee. Diegene wat die bevrydingstryd lei, is geregtig om hulself te verryk vir al die opofferings wat hulle in die stryd moes maak. ✓</p>	1 1
5.6	Daar is geen eindrym nie./Die versreëls se lengte verskil./Inkonsekwente hoofletter- en leestekengebruik. ✓	1
		10

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 6: LITERÊRE OPSTEL *Die kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding, bv.

- Daar is twee verhaallyne, dié van Iris se werklikheid/die realistiese wêreld en haar fantasiewêreld/droomwêreld, wat parallel met mekaar loop.
- Die verhaallyn wat die werklikheid bevat, handel oor Iris se geboorte, haar gesin, grootwordjare, ontmoeting met Riekie/Peter, oorsese besoeke en troue.
- **Iris het 'n saai, voorstedelike bestaan in 'n gesin waarvan sy die buitestander is** omdat sy voel dat niemand regtig na haar luister nie./Bl. 9: *Niemand het nog ooit regtig na my geluister nie.*
- **Iris is die jongste van drie dogters en word dikwels uitgesluit uit haar susters se gesprekke omdat sy te jonk is** om haar eie mening te hê./Bl. 34: *Dit was altyd dieselfde ou storie. Ek was te jonk. Ek kon nog nie saampraat nie.*
- **Iris se pa is 'n stil, rustige en gemoedelike mens, maar nie die tradisionele pa waarop Iris kon steun nie** omdat hy fisies afwesig is noudat hy op sy wildsplaas gaan boer./Bl. 73: *Nou het hy ons kort en kragtig vertel dat hy sy vennote uitgekoop het en van plan is om met beeste te boer.*/Bl. 76: *Met Pa uit die huis ... was Ma meer op my aangewys ...*
- **Iris droom van haar eie blomtyd en het 'n obsessie om eendag te blom omdat sy iets groots in die lewe wil bereik** en sien die geleentheid om 'n modelkontrak los te slaan as 'n moontlike blomtyd./Bl. 131: *“En dat ek glo ek sal eenkeer blom. Nou, soos ek dit sien ... wie sê dis nie nou my kans nie?”*
- **Na matriek studeer Iris aan die universiteit en behaal 'n graad in letterkunde, maar verkies om as stoelassistent by die tandarts, dokter Anders, te gaan werk** omdat sy 'n werk wil hê wat nie te veeleisend is nie./tyd gee om aan haar fantasiewêreld te spandeer./Bl. 42: *Ek wou nie 'n werk hê wat my gedagtes in beslag sou neem nie.*
- Die verhaallyn wat die fantasiewêreld bevat, handel oor haar fantasieë oor Richard, Eduard, Peter, Greta en die Engel.
- **Iris se fantasiewêreld word reeds in die titel van die roman ingelei**, want die blomnaam, *kwart-voor-sewe-lelie*, bestaan nie in botaniese kringe of in die omgangstaal nie; dit is 'n fiktiewe naam wat pas by die verbeeldingswêreld wat sy vir haarself skeep./Bl. 187: *Dit was maar altyd daar, een van daardie groen plante wat jaar na jaar 'n hoek vol maak sonder om iets dramaties te doen.*/Bl. 186: *... Ma se kwart-voor-sewe-lelie ...*/Bl. 104: *“Hulle blom net een keer per jaar ...”*
- **Iris skeep vir haarself 'n fantasiewêreld** omdat sy daarin van die onwelkome werklikheid kan ontvlug. /Bl. 14: *Ek het dikwels soos Aspoestertjie gevoel behalwe dat my susters nóg stief nóg lelik was.*/Bl. 9: *“Heeltemal anders,” het Ma saamgestem./Bl.24: “Haai, sussie, ek sien swarigheid vir jou as jy nie gou van jou romantiese drogbeelde ontslae raak nie.”*

- **Iris sien haarself as 'n godin wat ander hoër gode moet dien** omdat dit een van die betekenis van haar naam is./Bl. 10: *Die een god in die besonder het die gesig gehad van André Visser ...*
- **Hannes se vriend Riekie begin Iris uitneem, maar sy omskep hom in 'n fantasie-karakter** omdat sy uitgekuier raak met hom./Bl. 11: *... ek het hom oorgeskryf tot iets meer na my sin ... het ek sy naam verander na Richard, uitgespreek as Rigardt ...*
- **Met Elsa se troue skep sy die karakter, Eduard, 'n onbekende Fransman** omdat Riekie as strooijonker haar koud gelaat het en Elsa se troue nie ingepas het by Iris se romantiese prentjie van troues nie./Bl. 22: *Terwyl die dominee se stem oor ons koppe gedreun het ... het ek sit en borduur aan die storie in my kop.*
- **Met Elsa se swangerskap skep Iris 'n nuwe fantasie** omdat sy swangerskap nie as romanties ervaar nie, maar dit tog self wil beleef sonder om in die moeilikheid te kom./Bl. 28: *Daarvoor was ek te nugter, maar in my verhaal sou ek verwagtings, babas en geboorte omskep tot 'n fantasie.*
- **Greta, as Iris se alter ego, leen haar skouer vir Peter, 'n aantreklike Engelse buiteland, om sy hart uit te praat**, wat later lei tot 'n nag van passie omdat Iris self 'n swangerskap wou ervaar./Bl. 29: *... hulle bring die nag in mekaar se arms deur ...*
- **Iris skryf Peter uit die verhaal deur hom te laat sterf in 'n motorongeluk** omdat hy met haar wil trou toe hy uitvind dat sy swanger is en Iris nie wil trou nie./Bl. 31: *Hy is 'n paar dae later in 'n motorongeluk dood. (Wel, ek moes hom van die toneel af kry, moes ek nie?)*
- **Peter se broer, Eduard, kom op die toneel omdat hy Greta wil ondersteun met die swangerskap van sy broer se buite-egtelike kind**, maar raak self betrokke by die geboorte van die seuntjie en 'n verhouding ontstaan tussen hulle, maar Iris besluit om die twee karakters te laat verdwyn omdat sy moeg was vir hulle./Bl. 213: *Af en toe het ek nog met hulle lewe gespeel, maar die vlam was weg ... hulle fut was uit.*
- **Iris kuier by Kara en Claude in Frankryk en sien die Engel vir die eerste keer**, want hy verskyn en praat met haar wanneer iemand haar op die partytjie ontstel./Bl. 92: *... het ek die vae omlýning van 'n Engel gesien ... Sou die man al die pad saamgevlieg het of was dit 'n plaaslike engel?*
- **Die Engel is deel van Iris se fantasie**, want die Engel sê self dat sy hom opgeroep het./Bl. 178: *“Jy het my opgeroep ... Jy het my een van jou fantasieë gemaak.”*
- **Die Engel tree op as Iris se raadgewer**, want hy sê sy is taktloos en dom om met Peter oor haar naam te praat en oor Brian se eerste vrou./Bl. 131: *“Jy's dwaas,” het die Engel gesê./Bl. 153: “Taktloos,” het die Engel in my oor gesug. “Ons probeer olie op die waters gooi, nie 'n brandende fakkel nie.”*
- **Iris voel dat die Engel haar faal as beskermengel** omdat hy nie Bettie se gifdrinkery en Pieter se ongeluk keer nie./Bl. 177: *“As beskermengel het jy gefaal.”*
- **Met die Engel ook by is Greta en Eduard eenkant gestoot**, want Iris se verbeeldingsvlugte het oorbevolk geraak en haar fantasiekarakters al vaer./Bl. 110: *... bly my hoofkarakters altyd huiwer in die voorstede van my brein. En die rede waarom hulle nou na vore kom, kon wees omdat ek alleen en skrikkerig in 'n vreemde plek was. Greta se habitat. Daarby was my eie Eduard vir my op daardie tydstip ewe vaag as Greta s'n.*
- **Iris verwar Peter met die Engel** toe Peter onverwags terugkeer en 'n figuur in die donker oor haar val./Bl. 205: *... het ek gewonder of die Engel besig was om my terug te betaal vir my onoordeelkundige bekendmaking van sy bestaan.*
- **Die Engel lei Iris om haar werklikheid te aanvaar** en in plaas daarvan om in haar fantasieë te ontvlug, self verantwoordelikheid vir haar besluite te aanvaar omdat die lewe nie 'n storieboek is nie en help hy haar beseft dat 'n naam net 'n naam is./Bl. 187: *“Die lewe is nie 'n storieboek nie.” ... “En 'n naam is net 'n naam.”*
- **Peter aanvaar die Engel in sy en Iris se werklikheid** omdat hy nie opdringerig is of Iris se tyd in beslag neem nie./Bl. 219: *Die Engel het hy aanvaar.*

- **Fantasie en werklikheid oorvleuel wanneer sy Peter ontmoet** en 'n verhouding met hom begin omdat sy werklikheid sterker was./Bl. 112: ... *ek, skepper van romantiese maaksels.*
- **Fantasie speel 'n groter rol as die werklikheid:** Iris se beroepskeuse is 'n aanduiding dat fantasie 'n sterker rol speel as die werklikheid./Werklikhede soos Elsa se troue en swangerskap word ook omskep in fantasieë en makliker om te verwerk.
- **Die werklikheid verdring die fantasieë**, daarom speel dit 'n groter rol. Alhoewel Iris se liefdeslewe oorheers word deur fantasieë, is die werklikheid aangenamer en sterker en verdring dit later die verbeeldingswêreld.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot, bv.

- Dit is as gevolg van die omstandighede van Iris se werklikheid wat sy vir haar 'n fantasiewêreld skep waarheen sy kan ontvlug, maar hoe sterker die werklikheid raak, hoe meer oorvleuel die twee verhaallyne van haar lewe totdat haar fantasiewêreld vervang word deur die realiteit.

25

OF

VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG *Die kwart-voor-sewe-ielie – Eleanor Baker*

Vraag	Antwoord	Punt
7.1	Iris het hom opgedroom./deel van haar fantasieë gemaak. ✓	1
7.2	Die Engel is deel van haar lewe daarom moes hulle daarvan weet./As hulle mekaar leer ken, moet sy hulle van die Engel vertel./Engele was deel van die gesprek. ✓ Iris was desperaat om Bettie te troos./haar bui te verander./Dit was 'n laaste desperate poging om met Bettie te gesels. ✓ Sy het gelag en gelag totdat sy hik./Dit was vir haar baie snaaks. ✓	1 1 1
7.3	Hy het nie vir Peter tydens die sweisongeluk beskerm nie. ✓	1
7.4	Sy kan die wyfies se broeiery beïnvloed./Sy kan veroorsaak dat hul die eiers uit die neste skop. ✓ Hy vra haar om uit te vind waarom 'n wyfieduif eiers uit die nes skop. ✓	1 1
7.5	Sy is 'n versamelaar./Sy maak antieke ware bymekaar./Sy is 'n tuisteskepper wat daarvan hou om goedjies bymekaar te maak./ Sy is 'n voorbeeld van 'n tradisionele huisvrou van daardie tyd. ✓	1
7.6	Nee. Die duiwe is nog steeds veilig, al is Iris by die duiwe./Die broeipaer sal nog altyd kleintjies kan kry. ✓	1
7.7	Hy gee haar die raad om nie oor haar naam met Peter te praat nie./ Hy gee haar die raad om Peter te laat slaap wanneer Peter moeg is./ Hy gee haar die raad om nie oor Brian se eerste vrou met hom te praat nie./ Hy gee haar die raad om haar eie lewe te leef. ✓ ✓ <i>Die kandidaat bied sy eie redes aan vir TWEE punte, EEN punt elk.</i>	2

7.8	Johanna neem die rol van die verstrooide ma oor./ondersteun haar deur haar hele lewe. ✓	1
	Billy besorg Iris in New York veilig in haar hotel/dien as haar bievader/ gee vir haar perspektief op haar naam./blomtyd. ✓	1
	Peter gee vir haar die geleentheid om in haar bekende omgewing te kan aanbly. ✓	1
7.9	Die Engel het haar toegelaat om haar eie besluite te neem, bv. hy laat haar toe om self te besluit oor die modelkontrak./ Die Engel beskerm nie vir Iris of ander karakters soos sy gevra het nie, bv. sy breek haar enkel in Vermont./hy pas nie die gifbottel op nie. EN Die Engel het Iris soms beskerm, bv. hy stamp haar uit die pad van die skaatsplankryer./hy beskerm haar in Frankryk toe 'n gas haar oor Suid-Afrika konfronteer. ✓	2
7.10	Hy kan 'n glas oog kry en niemand sal die verskil opmerk nie. ✓	1
	Peter se oë herstel volkome. ✓	1
7.11	Die tannie het 'n tradisionele siening van 'n verhewe wese wat in sekere gevalle na mense omsien. ✓	1
	Iris se Engel leef in haar werklikheid en moet haar van raad en beskerming voorsien. ✓	1
	Toe sy haar been in Vermont gebreek het. ✓	1
	Hy beskou homself nie as 'n beskermengel nie. ✓	1
7.12	<i>Die kandidaat kan Ja of Nee as antwoord aanbied. Die kandidaat se eie mening, bv.</i> Nee. Iris sou permanent in haar verbeeldingswêreld gebly het en nie die realiteit aanvaar het nie. ✓ Iris sou heel moontlik die modelkontrak aanvaar het en nie liefde in haar lewe ervaar het nie. ✓ Iris sou haar hele lewe deur na 'n volmaakte oomblik gesoek het. ✓	1 1 1
	<i>Die leerder bied enige DRIE sinne in konteks van die roman aan vir EEN punt ELK.</i>	
		25

OF

VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL Manaka plek van die horings – Pieter Pieterse

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding, bv.

- Die karakter, ouma Essie, se rol as versoener en bewaarder van geloof kan nie gering geskat word nie.
- **Vir Ouma Essie is die bewaring van die geloof op Manaka 'n natuurlike optrede** omdat sy in 'n Christelike omgewing grootgeword het./Bl. 116: *“Die enigste pa en ma wat ek ooit geken het, was wit mense. Dit was eerwaarde Phil Kruger en mevrou Bessie.”*/sy deur die Kruger sendelingegpaar aangeneem is en op 'n Vrystaatse sendingstasie grootgemaak is./Bl. 116: *“Hulle het my aangeneem en my saam met hulle kinders grootgemaak.”*
- **Haar studierigting veroorsaak ook dat sy 'n bewaarder van die geloof sal wees**, omdat sy die eerste swart meisie was wat by die Bybelkollege in Witsieshoek ingeskryf was./Bl. 116: *“... , het hulle dit reggekry om my by die Bybelkollege op Witsieshoek in te skryf. Ek was die eerste swart meisie wat ooit daar toegelaat is.”*
- **Haar troue met Joseph Sitali Mulambwa dwing haar om die geloof te bewaar**, omdat hulle na die Senagagebied vir sendingwerk gaan./Bl. 117: *“Ons is deur die kerk tot by Ngweze gebring.”*
- Omdat sy God se woord wil versprei, **begin sy met die herstelwerk op die sendingstasie**./Bl.118: *“Tot daar weer 'n kerkgebou is, sal hierdie boom die kerk wees ...”*
- **Sy staan by haar Christelike beginsels** omdat sy die khuta oor hul afdwaling van die godsdienis berispe./Bl. 167: *“... , dan is dit tyd dat die mense van hierdie hele stam vra hoekom die vergadering nie meer met 'n gebed oopgemaak word ...”*/ sy die khuta aanval wat die kerk se goed steel./Bl. 166: *“En het iemand al gevra hoekom is daar hier rond nou skielik mense met die kerk se sinkplate op hulle huise se dakke?”*
- **Haar geloof is sterk**, want sy verdryf meneer Chisupo./Bl. 148: *Sy klap sy hand weg en wys vir hom ook vinger*./Bl. 149: *“Hy hoort nie hier nie.”*
- **Ouma Essie is as Christen baie bekend in die Senanga-omgewing en selfs die polisiemanne uit Mongue weet van haar**./Bl. 211: *“Dra ons groete oor aan die Profeet van die Bybel,” sê inspekteur Matibe en salueer*. Daarom het sy dus 'n invloed op elkeen van hulle.
- **Mense het respek vir haar as Christen**, want sy het selfs op Riekert, die diamantsmokkelaar, 'n invloed./Bl. 133: *“As daar nou een swarte is wat reguit hemel toe sal gaan, is dit sy.”*
- **Ouma Essie se invloed op die mense is beduidend**, want sy oortuig mnr. Kebbey om Baas gratis na die hospitaal te vervoer./Bl. 47: *“Toe! Loop nou na jou huis toe en gaan haal die sleutels.”*
- **Ouma Essie glo dat 'n Christen aan sy dade geken word**, daarom verskaf sy huisvesting aan 'n wildvreemde man wie se voertuig gebreek het./Bl. 74: *“Daar het al op 'n tyd 'n wit mens by ons geslaap. Hy het 'n week daar gebly.”*
- **Ouma Essie gee vir haar medemens om**, want sy duld nie dat die khuta Grace inloop nie./Bl. 165: *“Die mens met wie daar gepraat moet word oor die salaris van die sendelinge se tolk, is nie Tibeledo nie.”*/sy gee vir Baas 'n hondjie in die plek van Brindle./Bl. 239: *“Dit is 'n hond wat ouma Essie gister al vir jou gestuur het,” sê Grace*.

- **Ouma Essie verseker kontinuïteit in die uitdra van God se woord en werk**, omdat sy telkens as tussenganger tussen Baas en die khuta en Baas en die sendelinge optree./Bl. 170: “Sonder meneer Baas sal hulle nie in Barotseland kan bly nie.”/Bl. 118: “En hoekom sal die Here nou sy hand wegvat net oor iets wat tussen mense gebeur?”
- **Ouma Essie gee betekenis aan die daar wees van die sendelinge**, want sy sorg vir die sendelinge as sy die werk aan die sendingstasie orkestreer./Bl. 118: “Die ander man wat wit is, sal vir julle sê wat om te doen om ’n dak oor julle koppe te kry.”/Bl. 119: “Die meubels wat nog op die lorrie is, kan nou by die kerk afgelaai word.”
- **Ouma Essie en Baas het vanuit die staanspoor ’n goeie verhouding**, omdat sy die twyfel in Baas oor geloof wat jy kan verloor besweer./Bl. 202: “Jou reg om ’n Christen te wees maak van jou ’n Christen.”/ sy in die verlede dieselfde twyfel as Baas ervaar het./ bl. 163: “Maar toe ek van my huis hier by Manaka weggevat word, en van my kerk af ... Toe het ek, toe ek al ’n ou vrou was, my Bybel in die rivier gegooi, muluti.”

Die kandidaat verskaf ’n gepaste slot, bv.

- Ouma Essie speel dus ’n integrale deel in die verhaal.

25

OF

VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG Manaka plek van die Horings – Pieter Pieterse

Vraag	Antwoord	Punt
9.1	Baas het teruggekeer na Manaka/herstel die Zambezi Joy.√	1
9.2	Dennis Chipman(oupagrootjie) √ Dit is simbolies van die verkondiging van die Woord. √ In hierdie stadium lees Baas nie meer sy Bybel nie; dus sou hy nie die Woord verkondig nie.√	1 1 1
9.3	Hy sal toelaat dat die Woord weer op Manaka verkondig word. √ Baas beskou homself op hierdie stadium nie as ’n Christen nie; dus is sy onderneming nie geloofwaardig nie. √	1 1
9.4	’n Buffel gaffel hom dood. √ Dit dui op ’n nuwe fase in Baas se lewe. √	1 1
9.5	Hy noem die boot Grace nog voordat daar ’n vriendskap tussen hulle ontwikkel het. √	1
9.6	Moenie moed opgee nie./Hou aan om jou droom na te volg. √	1
9.7	Hy dra ’n donker pak met dofwit strepies teenoor die khuta se verslete klere √ en hy was sy hande nadat hy meneer Kebbey gegroet het. √	2
9.8	Hy is die tussenganger tussen die Du Pisani’s en die khuta. √	1

9.9	<p>Met hul aankoms op Manaka het hulle 'n soetwytjie gedrink./ Nanna het privaataangeleenthede in die openbaar bespreek./ Hy was kwaad en vermaan haar om nie vir almal geld en werk te gee nie. ✓</p> <p style="text-align: center;">EN</p> <p>Die berisping oor die “grote met die baard” is nie aanvaarbaar nie, want Nanna het Griesel geterg. ✓</p> <p style="text-align: center;">EN</p> <p>Die berisping is nie aanvaarbaar nie, die wyndrinkery was menslik, maar Griesel is net gesteld op die beeld na buite./omdat Griesel dubbele standaarde het, sy inbraak in Baas se slaaphut kan ook 'n slegte beeld na buite skep. Die berisping is aanvaarbaar aangesien 'n huwelikspaar hulle sake in privaatheid moet oplos./ Die berisping is nie aanvaarbaar nie, daar is nie 'n plek waar Nanna en Griesel kan praat nie, want hulle het nie hul eie huis op Manaka nie./ Die berisping is nie aanvaarbaar nie, want Nanna se handeling dui op haar weelsynwerk/omgee vir haar medemens wat van sendelinge verwag word. ✓</p>	1 1 1
9.10	<p>Positiwiteit. ✓</p> <p>Sy laat toe dat 'n dogtertjie aan haar hare vat./trek vir die kinders gesigte tydens die khuta-vergadering./het by ouma Essie gaan slaap./sy gee geld vir die plaaslike bevolking.</p>	1 1
	<p><i>Dis mos Afrika. ✓</i></p> <p><i>Die kandidaat moet 'n handeling as antwoord aanbied wat daarop dui dat Nanna Afrika-gebruike aanvaar.</i></p>	1
9.11	<p>Meneer Johnnie. ✓</p> <p>(Nanna ontvang) 'n pampoer. ✓</p> <p>Hy was kwaad en vermaan haar om nie vir almal geld en werk te gee nie. ✓</p> <p>Ja. Griesel het hom misgis met die omgewing en omstandighede op Manaka en was dus ongelukkig./Hy het nie tuis gevoel nie en moet dus so optree./Griesel beskou hom as die inwoners se meerdere en moet dus so optree. ✓</p> <p>Nee. Ek sou ook geïrriteerd wees, die kerk het sekere beloftes aan Griesel gemaak en dit kan nie nagekom word nie. ✓</p>	1 1 1 1
9.12	<p>Baas impliseer in Teks 1 dat hy die godsdienst weer op Manaka wil laat herleef ✓ en in Teks 2 arriveer die sendelinge om dit te doen. ✓</p>	2
		25

VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL *Vatmaar* – AHM Scholtz

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidate voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding, bv.

- Slegte dinge wat met onskuldige mense gebeur, kan wel soms 'n gelukkige en sinvolle einde inhou.
- **Die karakter, Tant Wonnies, ervaar intense hartseer** omdat haar lewensmaat, Heinrich, in die oorlog sterf en ses van haar kinders in die Groot Griep./Bl. 180–181: *My Heinrich het nooit van die oorlog af teruggekom nie ... ek het ses met 1918 se Groot Griep verloor. Hulle is almal saam in een sloot begrawe ...*
- **Tant Wonnies sukkel voort in armoede na Heinrich se dood** omdat sy nie wettiglik met hom getroud was nie en dus nie geregtig was op sy oorlogspensioen nie./Bl. 206: *Toe ek die telegram kry dat jou pa dood is, is ek na die army se pay-office toe ... Ek het gesê ek is nooit met die ring getroud nie ... Sorry I can't help you.*
- **Tant Wonnies ervaar haar eerste vernedering as vrou terwyl sy op Schoongesicht werk** omdat Piet de Bruin haar probeer verkrag./Bl. 135: *Jou vuilgat, jou vuilgat! het ek gesê ... Piet de Bruin het soos 'n gekwete bul weggeloop. En van daardie dag af probeer hy my terugbetaal.*
- **Tant Wonnies is na haar liefdeswerk by Sannah Vosloo slegter daaraan toe as voor sy Schoongesicht toe is** omdat haar huis leeg gesteel is toe sy terugkeer na Sannah se dood./Bl. 136: *Toe hulle by die kamer kom, staan die deur oop. Alles wat binne was, was geplunder.*
- **Tant Wonnies word van diefstal beskuldig en daarvoor in hegtenis geneem en ervaar intense vernedering** omdat Settie September glo dat sy haar goue ring gesteel het./Bl. 125: *Baas, hierie vrou, sê Mevrouw September en wys na Tante Wonnies, het my trouing gesteel./omdat sy geboei word en te voet voor die polisieman op sy perd na die polisiekantoor moet stap./Bl. 127: Die poliesman: Jy moet voor die perd uit loop, 'n prisonier ry nooit saam met die gereg nie.*
- **Tant Wonnies verloor haar sewende kind as gevolg van Mevrouw Bosman se verkeerde vermoede dat haar man verantwoordelik is vir Kaatjie se swangerskap** omdat dit uitloop op 'n mislukte poging tot 'n aborsie, tronkstraf en haar dood tydens die geboorte./Bl. 268: *Toe haar kind die laaste swakke asem uitblaas, het sy buite teen die ou doringboom gaan staan. Haar oë was oop, maar sy het niks gesien nie ...*
- **Tant Wonnies het ten spyte van die gemeenskap se uitjouery dat sy 'n dief is**, haar nie laat onderkry nie./Bl. 127: *Sy het haar kop gelig en na hulle gekyk, want hulle het haar nie bang gemaak nie.*
- **Tant Wonnies vind vertroosting vir haar vernedering** omdat sy vasklou aan haar man, Heinrich, se woorde op 'n poskaart./Bl. 130: *... it is said God is within us at all times*
- **Tant Wonnies omskep haar negatiewe omstandighede in iets positiefs** omdat sy nou weet waar om God te vind./Bl. 131: *Hulle het van my 'n dief gemaak, maar ek is nie 'n dief nie. My Meester wat in my binneste woon, ek het U gevind.*
- **Tant Wonnies ontvang vergoeding vir haar vernedering om soos 'n misdadiger in die hof te staan** as die magistraat haar onskuldig bevind en die hof gelas om vir haar 'n rok en skoene te koop en haar ook finansieel te vergoed vir haar onkoste en ongerief./Bl. 180: *You are free to go, Mrs Muller ... Tante Wonnies se innerlike wese het verby haar uiterlike omstandighede gestraal en by almal respek afgedwing.*

- **Tant Winnie se waardigheid word na haar vrypraak herstel** omdat die oorlogspensioen wat sy met behulp van die magistraat ontvang, haar in staat stel om nie meer ander mense se wasgoed te doen nie en Suzan nie meer die Venters se bokke hoef te melk nie./Bl. 194: *Die Venters se lui seuns kan van nou af hulle se eie melkwerk doen.*
- **Tant Winnie word vergoed vir haar jare se swaarkry in een kamertjie as sy die geleentheid kry om haar huis te kan terugkoop** omdat die Wingroves besluit om te verhuis./Bl. 239: *Hy (Wingrove) het opgestaan, 'n stuk papier uit sy trommel gaan haal en gesê: Hier is die koopbrief wat ek graag prokureur toe wil vat, Won, en ons hou dit op twintig pond.*
- **Ondanks die onreg teen haar, word Tant Winnie nie bitter nie, maar staan sy vas in haar goedheid** omdat haar oorgawe aan God 'n anker is wat haar in moeilike tye staande hou./Bl. 129: *Die Here weet beter, my kind, sê tant Winnie.*
- **Tant Winnie word na haar dood vereer deur die Ster-van-Behlehem-blomme wat oor haar graf groei**, want die lelies versinnebeeld haar suiwer, vredeliewende gees en die verganglikheid van alle lewe./Bl. 316: *... sodat die Ster-van-Behlehem-blomme ook oor haar kon groei ...*
- **Tant Winnie word vir haar goedheid beloon en sy leef op haar oudag sonder finansiële kommer**, want sy is terug in haar ou huis en ontvang haar man se oorlogspensioen./Bl. 241: (Oom Flip): *Dit is nou julle s'n, die sleutels het ek in die deure gelos ...*
- **Die newekarakter, Norman, het onaangename herinneringe aan sy tyd in die konsentrasiekamp** omdat sy ma daar dood is./Bl. 196: *Hy onthou hoe hulle sy ma in die graf gesit het ... en hoe hy moes inspring om die kappie oor haar gesig te trek om te keer dat die klippe en sand daarop val.*
- **Norman is as 13-jarige weeskind na die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog aan sy eie lot oorgelaat** en om te oorleef, moes hy kos steel./Bl. 198: *Hy moes kos steel om aan die lewe te bly en sy lyf was vol hale soos hy met die riem geslaan is.*
- **Norman ervaar vernedering van die wit Bob White** as hy die wasgoed terugneem en sy voete twee maal deur Bob getrap word./Bl. 202: *Mommy, who is this dirty Boer?*
- **Norman se geluk draai toe hy een aand op heterdaad betrap word** omdat hy 'n swart vrou se pappot wou steel./Bl. 198: *Hy het net 'n stok opgetel gehad om die pot aan die hingsel op te lift, toe 'n swart vrou in Afrikaans vir hom sê: Nee, nie doen, vra, jy kry.*
- **Norman ervaar vir die eerste keer na sy ma se dood die vertroeteling van 'n ma** as Ma Khumalo vir hom kos gee, hom bad en die blase aan sy voete behandel./Bl. 199: *Toe het sy haar arms om hom gesit en gesê: Ek niks, jy niks ... Hy het die trane in haar oë gesien... Hy het sy skouers opgetrek en daar het ook uit sy oë trane geloop, die eerste keer vandat hy die kappie oor sy ma se gesig getrek het met haar begrafnis.*
- **Norman se beplande diefstal van die pappot het 'n positiewe uitvloeisel** as hy die swart vrou Ma noem en haar as sodanig aanvaar./Bl. 199: *Hy het haar uit sy hart uit Ma genoem, want hy het geweet sy het die plek van sy oorlede moeder ingeneem.*
- **Norman het Ma Khumalo as sy nuwe ma aanvaar** omdat hy haar dadelik liefgekry het./Bl. 201: *Ek het haar daar en dan liefgekry, die verbond tussen ons was verseël.*
- **Norman kom tot ander insigte oor swart mense** nadat hy net slegte dinge oor hulle gehoor het./Bl. 200: *Ek het soveel slegte dinge oor swart mense gehoor. Ek gaan hier bly, al moet ek myself ook swart maak ... hierdie swart aija is 'n moeder want ek het haar borste gevoel toe sy my vasgehou het.*
- **Norman word wees gelaat deur die Boere-oorlog, maar verdien 'n medalje vir dapperheid in die Eerste Wêreldoorlog** soos opgeteken in sy army-uitbetaalboekie./Bl. 216: *He even has a military medal for bravery.*
- **Die karakter, Kenneth, voel deel van Kaatjie se onskuldige lyding as die meerderwaardige Bosmanvrou haar as haar eiendom beskou** omdat sy eers toestemming moes gee dat hy Kaatjie mag besoek./Bl. 152: *Ek moet eers my miesies vra.*

- **Kenneth word seergemaak deur Mevrou Bosman se rassisme** as sy na Kaatjie verwys as haar “kindermeid”./Bl. 150: *Hy moes hom inhou om nie vir hierdie vrou te gaan vra waar haar “meid” is nie.*
- **Kenneth was bekommerd dat sy ouers nie die ongeletterde Kaatjie sou aanvaar nie** omdat hul statusbewus was en sy beslis nie in hul klas nie./Bl. 153: *En nou sy Kaatjie – sy’s nie geleerd soos hulle nie ... sy het nog nooit met ’n mes en vurk geëet nie en sy kan nie lees nie.*
- **Kenneth het ook gely toe Tant Wonnie in aanhouding was** omdat hy lief was vir Kaatjie en haar moeder onvoorwaardelik aanvaar het./Bl. 150: *Jou moeder is ook my moeder, wie of wat sy ook al is. Ek sal haar aanvaar al is sy ook ’n dief.*
- **Kenny se ongeluk by die Masonic Temple dra by tot die kommer oor Kaatjie** omdat hy haar nie kon kontak nie en toe moes hy by Mevrou Bosman hoor dat sy haar werk gelos het./Bl. 283: *Kaatjie, my Kaatjie, is al wat in sy kop bly maal het ... en toe hy sterk genoeg was om op krukke te loop, het hy dadelik telefoon toe geloop.*
- **Die wreedheid van Mevrou Bosman teenoor die karakter, Kenneth, wie se boodskappe en briewe aan Kaatjie onderskep is, dra by tot die paartjie se lyding** omdat geen nuus enigteen van hulle bereik nie./Bl. 250: *Mevrou Bosman het vir Mister Burns gesê hy moenie moeite doen nie, sy sal sommer die boodskap gee ... Sy het gelieg.*
- **Mevrou Bosman se oneerlikheid lei daartoe dat Kenneth geskok uitvind van Kaatjie se dood**, want hy het nie geweet dat Kaatjie swanger is, en met die baba se geboorte dood is nie./Bl. 318: *Wanneer Kenny van die werk af gekom het, het hy sy kind opgetel en gesoen ...*
- **Uit Kenneth se seer na Kaatjie se dood verrys Kliniek Katrina** omdat hy haar nagedagtenis wou eer./Bl. 298: *Om die herinnering aan my geliefde lewendag te hou, wil ek graag ’n kliniek ter nagedagtenis aan haar bou.*
- **Ten spyte van hul teenspoed bly Kenneth positief** omdat hy voel dat hulle nie alles in die brand verloor het nie, maar nog mekaar het./Bl. 323: *Maar ons het darem nie alles verloor nie, ons het nog steeds mekaar, my Als.*
- **Kenneth ploeg terug in die gemeenskap** as hy instem om ’n sokkerspan vir Vatmaar op die been te bring./Bl. 304: *Dit was ’n trotse Kenneth Kleinhans wat daardie Saterdagmiddag – met die hele Vatmaar wat om die sokkerveld staan – die bal van Boytjie Afrika gekry het om op die middellyn te gaan stel.*

Die kandidate voorsien die opstel van ’n gepaste slot, bv.

- Dit is duidelik dat die onskuldige lyding van die karakters in Vatmaar, naas die negatiewe,
- ook positiewe gevolge vir die karkters inhou.

OF

VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG *Vatmaar – AHM Scholtz*

Vraag	Antwoord	Punt
11.1	Elkeen kon iets vat as hy dit nodig het. ✓	1
	Die nedersetting se naam is Vatmaar wat ontstaan het met die gesteelde goed van oom Chai en George Lewies. ✓	1
	In Vatmaar is daar ’n gees om te deel wat joune is. ✓	1
	Dit sluit aan by die filosofie om met jou broer wat ’n behoefte het te deel. ✓	1

11.2	<p>Ja. Harry Look het niks gevat/homself toegeëien nie, maar hard gewerk om self te kan koop wat hy wil hê. ✓</p> <p>Harry Look het genoeg geld gehad om die Angus General Dealer Shop te koop. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Nee. Die mense van Vatmaar behoort dieselfde as die ander behandel te word. ✓</p> <p>Mister Pieterse het afsonderlike bediendekamers vir die werkers. ✓</p> <p><i>Die kandidaat gee 'n gepaste motivering binne konteks van die roman.</i></p>	2
11.3	<p>MacNamara noem vir Harry Look 'n skelnaam./Ching Chong. ✓</p> <p>Harry Look behandel hom nog steeds met respek. ✓</p> <p>Harry kan die koopprys met gemak in goue munte betaal. ✓</p>	1 1 1
11.4.1	<p>Chan Look sê dat hy die arm mense kan help as hulle wen. ✓</p> <p>Lisa wil nie dat fa-fee in die winkel gespeel word nie, want dis onwettig. ✓</p> <p><i>Beide die houdings van die karakters moet vir TWEE punte aangebied word.</i></p>	1 1
11.4.2	Eerlikheid ✓	1
11.5	<p>Ja. Indien hulle wen, is die uitbetaling meer as waarmee hulle aanvanklik gedobbel het. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Nee. Die mense van Vatmaar is reeds arm en verspil nou geld op dobbel. ✓</p>	1
11.6	<p>Tant Wonnie is onskuldig aan die diefstal./</p> <p>Hy kry haar terug nadat Tant Wonnie sy duim gebyt het. ✓</p>	1
11.7	<p>Die magistraat het geglo dat Tant Wonnie die waarheid praat. ✓</p> <p>Tant Wonnie is vrygelaat. ✓</p> <p>Die magistraat het vir Tant Wonnie gehelp om 'n huweliksertifikaat te kry sodat sy vir pensioen kon aansoek doen. ✓</p>	3
11.8	<p>Settie September haat wit bruinmense/is rassisties. ✓</p> <p>Settie September wil haar baasskap bewys. ✓</p>	1 1
11.9	<p>Neels Vool ✓</p> <p>Chan Look betaal die seun se boete sodat hy tronkstraf vryspring. ✓</p>	1 1

11.10	Die sersant is van mening dat daar baie diewe in Vatmaar bly. √ Die mense van Vatmaar beskou dit nie as diefstal nie, maar eerder om iets van iemand anders te gebruik as jy dit nodig het. √ <i>Beide die sienings van die karakters moet vir TWEE punte aangebied word.</i> Die mense wil hul eie misbruik van Tante Wonnie regverdig./Tante Wonnie tree nie op soos die mense van Vatmaar dink/optree nie, maar nou het sy aan hulle bewys dat sy net soos hulle is. √ <i>Die kandidaat gee sy eie, gepaste rede.</i>	1 1 1
11.11	Nee. Tante Wonnie leef eerlik/misbruik nie ander mense nie. √	1
		25

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 12: LITERÊRE OPSTEL *Die Krismis van Map Jacobs* – Adam Small

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding, bv.

- Die omstandighede op die Kaapse Vlakte dwing die Cavernelis-gesin en Map om 'n ander heenkome te vind.
- **Daar is geen infrastruktuur of behoorlike fasiliteite in die ruimte nie**, daarom word Cavernelis gedwing om 'n beter tuiste vir sy gesin te soek./Bl. 49: *Never mind the match-box houses, die sement-strippies wat pass vir strate, never mind die busfares ennie trainfares wat julle moet betaal om te travel werk toe. Never mind lat jul nie amenities en facilities in die township het nie!*
- **Die ruimte is gevaarlik, want daar is moord, verkragting en bendegegeweld**, daarom doen Cavernelis alles in sy vermoë om so gou moontlik geld te verdien om weg te kom./Bl. 31: *... toe het ek deurmekeer geraak moet ... moet die elemente./Bl. 32: 'it was drie gangs./Bl. 33: ... en ek het net gesê skud hulle,*
- **Cavernelis word oor sy Bolandse aksent gespot**, daarom wil hy nie in hierdie township/op die Kaapse Vlakte woon nie./Bl. 20: *Mister Cavernelis praat darem mooie taal, nè./Hoge Afrikaans./Kan ek help dat ek van die Boland ... van up-country af ... kom?*
- **Cavernelis voel hy is beter as die ander inwoners**, daarom wil hy nie met die ander inwoners meng nie./Bl. 3: *Dis hoekom ek sê ons moet uit hier ... /Bl.11: ... vir 'n plot grond en 'n huis in Grassy Park, of even in Belhar./Bl.16: Betere mense kamma as ons!*
- **Blanchie sal enige iets doen om van haar omstandighede te ontsnap**, omdat sy vasgevang voel in die township/Bl. 3: *Blanchie se sake, dit het niks met hulle te make nie!/Bl. 21: ... julle wil mos hierso van ons af weg!*
- **Cavernelis voel hom in die Kaapse Vlakte ontuis en wil so vinnig moontlik daar weg**, daarom beoefen hy twee beroepe./Bl. 3: *Ja, hoekom jy jou vrek werk by die polony factory, week in en week uit, en dan elke aand ook nog, en weekends ook nog canvass, canvass, canvass met die soft goods ...*
- **Cavernelis moedig Blanchie se vriendskappe oor die kleurgrens aan**, omdat hy 'n obsessie het om weg te kom uit die woonbuurt uit./Bl. 18: *Daar's mos geld in daai, man, wat like annerkant die colour line sit, ... /Bl. 21: ... , soes daai whitey-vrinne van julle oek sê!*
Cavernelis laat Blanchie misbruik onder die dekmantel van modelwerk en skoonheidskompetisies, omdat dit kan beteken dat hulle vinniger uit die township kan wegkom./Bl. 7: *... Shit, man, daai ou dêrre haitie-taitie vrek van 'n Cavernelis, hy úse haar, man ... hy use sy eie vlees en bloed so, ... /Bl. 17: Nei because haar daddy stuur vir haar yt op die lonely hearts biesagheit, even op die Sondag!*
- **Maud ondersteun oënskynlik Cavernelis se strewe om uit die township weg te kom**, want sy probeer 'n ietsie inkry met naaldwerk./Bl. 42: *... , wat kan sy tog inkry moet die naaimasjientjie, moet die dressmaking ...*
- **Blanchie word moontlik deur Cavernelis beïnvloed om enige werk te doen om uit die omstandighede te ontsnap**, daarom werk sy by die Lonely Hearts masseursalon./Bl. 7: *... Shit, man, daai ou dêrre haitie-taitie vrek van 'n Cavernelis, hy úse haar, man ... hy use sy eie vlees en bloed so, ... /Bl. 18: Sy allow haar om ge-use te word deur daai ou dêrre van haar, ...*

- **Blanchie is bereid om vir haar 'n modeltoekoms te koop**, want dit is 'n beter toekoms./Bl. 18: *Beauty competitions, like, vi' Blanchie ... en dan kry sy mos so-called contracts ... Modelling, like!*
- **Cavernelis se pogings om (fisies) te ontsnap was onsuksesvol**, want hy pleeg selfmoord./Bl. 61: *Onder sy arm is Cavernelis se soft goods-suitcase, soos dit platgetrap is deur die trein.*
- **Cavernelis kan psigies ook nie ontsnap nie**, want toe dit duidelik word dat Blanchie nie 'n oorsese modelkontrak gaan kry nie en sy hom daarvoor verwyt, besef Cavernelis sy skuld.
- **Maud se pogings om Cavernelis se droom vinniger te laat realiseer was ook nie suksesvol nie**, want sonder Cavernelis sal sy altyd op die Kaapse Vlakte gevange bly.
- **Blanchie se pogings was ook futiel**, want die modelkontrak was nie hare nie en dus bly sy op die Kaapse Vlakte.
- **Ten spyte van sy talente en ambisie kan Map slegs 'n bode word**, omdat dit 'n ruimte is waar armoede en werkloosheid deel van hul bestaan is./Bl. 24: *... , daar's 'n job, dis die enigste werk wat hulle vir my wil gee, vir messenger ... Ons het problems gehad met geld ...*
- **Die ruimte ontwortel alle families en vernietig familiebande en geskiedenis**, daarom word Map gedwing om sy identiteit elders te soek./Bl 16: *Hy was mos altyd die leader ... Ennie leader moet die responsibility vat ...* /Bl. 24: *... Ek wil oek iets gewies het ...* /Bl. 31: *'Cause ek wil somewhere ge-belong het?* Bl. 50: *Yt Claremont en yt Woodstock yt ge-bulldoze ... tóé, Coloureds, ýt, ýt gaan bly dáárso, ...*
- **Map wil vir hom 'n beter lewe buite die township probeer skep**, daarom probeer hy 'n goeie werk kry./Bl. 31: *... en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, ...*
- **Alle geleenthede word Map ontsê**, daarom wend hy hom na die bendes./Bl. 31: *... , en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only.*
- **In die tronk kom Map kragdadig tot bekering en raak geestelik vry**, want hy het 'n duidelike skuldbesef en ware berou./Bl. 9: *Ek is 'n gechange-de man, ek ... het die Here Jesus gevind hierso, ...* /Bl. 27: *Vergewe my, God! Ek was so vuil, Here ...* /Bl. 30: *... Vat my, en maak moet my soos U wil!*
- **Map word fisies vry**, omdat hy nie na sy bendebedrywighede terugkeer nie, maar na werk onder moeilike omstandighede soek./Bl. 10: *Ek moet 'n werk kry, sy sê sy's besig om vir my yt te vind, ek het vir haar gesê enige soort werk.*
- **Daar is die moontlikheid van 'n nuwe begin**, want hy word met sy ma en Blanchie versoen en alle struikelblokke word uit die weg geruim./Bl. 60: *Ek het vir jou ... alles gevertel ... Blanchie.*/Bl. 61: *Blanchie sak knielend neer op die grond, haar arms om Map.*/Bl. 62. *Johnnie ...*
- **Map se vryheid wat hy verkry deur sy bekering is suksesvol**, want as jy eenmaal 'n kind van God is, is jy altyd 'n kind van God.
- **Map se fisiese vryheid is dalk nie so suksesvol nie**, want die kans wat hy het om 'n werk te kry, is maar skraal en dan bly die vraag of Map sterk genoeg is om nie by bendes betrokke te raak nie.
- **Die versoening met Blanchie en sy ma is definitief suksesvol**, want die saksofoon speel weer aan die einde en die wind waai weer - alles aanduidings dat die verhouding met Blanchie weer gaan wees soos aan die begin en sy ma noem hom Johnnie wat daarop dui dat haar vergifnis vir hom volkome is.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot, bv.

- Die omstandighede op die Kaapse Vlakte dwing die Cavernelis-gesin en Map om 'n ander heenkome te vind, maar die meeste pogings was nie suksesvol nie.

25

OF

VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG Die Krismis van Map Jacobs – Adam Small

Vraag	Antwoord	Punt
13.1	Die merke op sy vel identifiseer Map as 'n bendelid/wys op sy tatoeëermerke. ✓ Dit wat Map gedoen het, en waarvan die merke op sy vel getuig, sal vir ewig met hom wees. ✓ Die tatoeëermerke is soos 'n landkaart, in Engels 'n "map", oor sy lyf./ Hy gaan nooit werklik uit hierdie gevangenis ontsnap nie./ Map se omstandighede gaan nooit verander nie. ✓ <i>Die kandidaat gee enige TWEE antwoorde vir een punt elk.</i>	1 1 1
13.2	Sy betrokkenheid by bendes/Ivan Philander se moord. ✓ Sy ma en suster se verkragting. ✓ Sy suster se dood. ✓	1 1 1
13.3.1	Die vrees by die ander karakters oor wat Map se reaksie gaan wees as hy alles van Blanche uitvind, skep die moontlikheid vir die handeling in die res van die drama. ✓	1
13.3.2	<i>Leerder se eie mening binne konteks van die drama, bv.</i> Ek dink parool moet aan Map Jacobs toegestaan word omdat hy sy misdaad erken het ✓ en ware berou toon ✓ en tot bekering gekom het./alles bely het. ✓ OF Ek dink parool moet nie aan Map Jacobs toegestaan word nie omdat hy verantwoordelik was vir die dood van twee mense ✓ en sy "skuldbelydenis"/"bekering" net 'n manier is om vinniger vrygelaat te word ✓ en hy die volle vonnis moet uitdien. ✓	3
13.4	Dit sluit aan by die tema van die uitsiglose bestaan van die gemeenskap./hul swak kans om daaruit te ontsnap.	1
13.5	<i>Leerder se eie mening, bv.</i> Map kan 'n kruis op sy lyf tatoeër as teken van sy bekering/die vergewing van sy sonde. ✓ Map kan 'n saxofoon laat tatoeër as simbool van hoop/goedheid vir die "nuwe" lewe van Map./leierskap in die gemeenskap. ✓ <i>Die kandidaat kan enige aanvaarbare, gemotiveerde mening binne konteks aanbied.</i>	1 1
13.6	Smekend/dringend/oetmoedigend/emosioneel ✓	1
13.7	Hulle het Blanche as 'n prostituut gebruik. ✓ Hulle betaal Blanche wat die geld gebruik om uit die omstandighede te probeer ontsnap. ✓ Die wit mans misbruik vroue./het nie verantwoordelikheid vir hulle dade aanvaar nie. ✓ Map het 'n vark geword in sy optrede as bendeleier./die misdaad wat hy gepleeg het./ Map het verantwoordelikheid aanvaar./vergifnis ontvang. ✓ <i>Beide kante van die verskil word vir TWEE punte aangebied.</i>	1 1 1 1

13.8	Die “tattoos”/tatoeëmerke op Map se lyf sal altyd bewyse wees van die slegte kant van sy lewe/hy kan nie daarvan wegkom nie. ✓ Hy het so verander dat hy Blanchie alles wat sy gedoen het, kan vergewe./ Hy is nie meer die bendeleier wat almal geken het nie./ Hy vergewe vir Blanchie./ Hy doen niks aan Cavernelis nie./ Hy neem nie wraak teenoor oompie Paulsen nie. ✓	1 1
13.9	Map word in die tronk toegesluit vir sy misdaad, maar hy kom in die tronk tot bekering/ontvang geestelike bevryding. ✓ Alhoewel Map oral in die Kaapse Vlakte kan rondloop, is hy ’n gevangene van die politieke situasie/word hy nie in die gemeenskap aanvaar nie/is hy nie welkom om by die Kersorkes aan te sluit nie/kry hy nie werk nie. ✓	1 1
13.10	Dit skep spanning./Dit bewys dat sy Map nog nie vergewe het nie./Dit dwing Map om met die waarheid uit te kom./Dit dwing Map om sy gevoelens te openbaar./Die gemeenskap word voortdurend aan die voorval herinner. ✓	 1
13.11	Hulle verhouding kan herstel/groei. ✓ Hulle verhouding gaan weer soos aan die begin van die drama wees. ✓	1 1
		25

OF

VRAAG 14: LITERÊRE OPSTEL *Mis* – Reza de Wet

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleiding, bv.

- Reeds in die titel van die drama is dit duidelik dat die leser/kyker met mis in een of ander betekenis gekonfronteer gaan word.
- **Die titel *Mis* kan ’n aanduiding wees dat iemand gemis/vermis gaan word**, soos wat die meisies op dieselfde datum die afgelope twee jaar weggeraak het/vermis is./Bl. 19: *Dit het alles twee jaar gelede begin. ... Met Sannie Koen! ... Eers het almal gedink sy het sommer weggeloop. ... En presies ’n jaar later is dit toe Rienie Pieterse.*
- **Miem en Meisie verkoop die mis as ’n bron van inkomste**, want Gabriël kan nie finansieel vir die gesin sorg nie./Bl. 6: *So dertig perdemis en tien vark. ja, ons doen goed die maand.*
- **Die woord *mis* dui op bemesting wat gebruik word**, want die grond word met die mis bewerk./Bl. 6: *Vroeglente wil almal die grond bewerk.*
- **Miem en Meisie se lewe word deur mis gereël**, want hulle moet beskikbaar wees wanneer die besendings mis opgelaaie word./Bl. 48: *Ek moet vroeg op. Die besending mis word sewe-uur gelaai.*
- **Die vroue voer ’n onaangename, mislike bestaan**, want die misreuk veroorsaak dat hul nie besoekers ontvang nie./Bl. 26: *Ek weet nie wat om te sê nie. Ek is nie gewoond aan mense nie.*

- **Hul bestaan is nie higiënies nie**, want die omgewing is vol vlieë en brommers as gevolg van die mis./Bl. 26: *Maar in die somer is dit baie erg. Die stank ... en die vieslike vlieë. Swerms vlieë. En brommers. Groot, blink brommers.*
- **Die mis waarmee Meisie daagliks moet werk, is ook vir haar tekenend dat haar jongmeisielewe verbygaan/is ook vir haar 'n teken dat sy die geleentheid wat ander meisie het, mis**, want sy kry nie geleentheid om haarself te versorg nie./mis die geleentheid wat ander jong meisies het./Bl. 27: *Kos, slopemmer! Sakke! Eers was my hande sag. (Strek haar vingers uit) En nou, eelte op al my vingerpunte!*
- **Die woord *mis* kan ook op menslike ontlasting dui**, want Gabriël se slopemmer moet afkatrol word en buite uitgegooi word./Bl. 5: *Onthou tog die slopemmer! Dis al twee dae!*
- **Die slopemmer speel 'n rol in Meisie se besluit om saam met Konstabel te gaan**, want hulle kan gesels toe sy die slopemmer moet uitneem./Bl. 38: *Dankie. As dit vol is, is dit baie swaar. As jy een kant vat, dan vat ek die ander kant. ... En as ons baie gesels, dan hoef ons nie die musiek te hoor nie.*
- **Die woord *mis* kan ook daarop dui dat die vroue leidrade mis/dit nie sien nie/ miskyk**, want Miem en Gertie sien nie die ware kleure van Konstabel raak nie./Bl. 21: *maar dit val my op dat u u miskien blind staar teen die feite.*
- **Mis sluit by die godsdienstige begrip van die Heilige Mis (gebede en gesange) aan**, want die vroue bieg teenoor die Konstabel en lê hul diepste gevoelens bloot./Bl. 28: *Nou goed, ek sal vir u vertel en dan sal ek daarvan vergeet. Vir altyd en vir ewig.*
- **Die woord *mis* kan op die handeling van Konstabel dui wat met dié van 'n priester ooreenstem**, want Meisie kniel voor Konstabel asof hy 'n priester is wat iemand wil seën wanneer hy Meisie se gesig wil sien./Bl. 37: *(steek sy hand uit en raak aan haar) Goed so. Kniel nou. Hier. Reg voor my.*
- **Die godsdienstige betekenis van die mis (in die Heilige Mis) is teenwoordig in die aannemingsrokke** wat die meisies dra wanneer hulle verdwyn./Bl. 19: *Sy het geen tas gevat nie en sy is weg in haar aannemingsrok ... sonder skoene!*
- **Die woord *mis* kan daarop dui dat Miem haar man mis**, want hy bly al sewe jaar lank op die solder./Bl. 31: *Vir sewe jaar het ek hom nog nie met 'n oog gesien nie. (Tranerig) Dit is vir my 'n groot beproewing.*
- **Die mis veroorsaak dat Meisie nie vrye tyd het nie**, want die mis moet daagliks bewerk word./Bl. 27: *Ek kry my werk nooit klaar nie.*
- **Die mis veroorsaak dat Meisie vereensaam**, want daar is nie vriende wat vir haar wil kom kuier nie./Bl 26: *Ek ... het roosbome voor my venster geplant. (Stilte) En dis hoekom ... niemand wil kom kuier nie. Dit ruik so aaklig. En wie sou nou tee wou drink? Die vlieë het mis aan hulle pote.*
- **Die woord *mis* kan op verlange dui**, want die vroue verlang elkeen na iemand of iets soos Meisie wat na die sirkus verlang./Bl. 28: *Ek mag nie daarvoor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.*
- **Die daaglikse mis as bemesting in Meisie se lewe, sluit aan by Meisie wat van haar omstandighede wil ontvlug** en uiteindelik saam met die Konstabel weggaan./Bl. 51: *Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die Konstabel.*

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv.

- Die titel van die drama is 'n metafoor vir die mis wat in die drama voorkom.

OF

VRAAG 15 KONTEKSTUELE VRAAG Mis – Reza de Wet

Vraag	Antwoord	Punt
15.1	Onheilspellende/onrustige ✓ Die hele drama is onheilspellend as gevolg van die verdwyning van die meisies en Konstabel se verskyning. ✓	1 1
15.2	<i>kook tant Hannie moerbeikonfyt.</i> ✓ Meisie ✓	1 1
15.3	Die verskyning van konstabel. ✓ Ja. Die verskyning skep die moontlikheid vir die handeling in die res van die drama./Dit is die motoriese moment in die drama. ✓ <i>Die kandidaat kan nie nee as 'n antwoord verskaf nie.</i>	1 1
15.4	Die vrouens sien nie die konstabel vir wie hy is nie. ✓	1
15.5	Deur intensifisering./Die waai van die wind./Die magiese./Die hoenders wat teen die draad waai./Blomme wat wegvlieg./Die kwepers val soos hael. ✓	1
15.6	'n Towenaar/hofnar ✓ In sy uniform is hy die beskermer. ✓ Die transformasie is noodsaaklik om Meisie uit haar omstandighede te bevry. ✓ Magiese/sirkusruimte. ✓	1 2 1
15.7	Nuuskerigheid. ✓ Sy kan meer van Konstabel uitvind en hom moontlik so in haar geïnteresseerd kry./Sy kan haarself so bevry. ✓	1 1
15.8	Sy wil hê Konstabel moet in haar belangstel. ✓ Dit is funksioneel, want die leser/gehoor besef net weer hoe skynheilig Gertie is. ✓ So verkry die dramaturg die gehoor se simpatie vir Gertie. ✓	1 2
15.9	Hy wil Gertie laat dink oor die onwaarheid/leuen. ✓	1
15.10	Neweteks/subteks/toneelaanwysings ✓ Gertie besef sy vertel nie die waarheid nie en voel ietwat ongemaklik. ✓ Gertie wag vir 'n reaksie vanaf Konstabel se kant. ✓	1 2
15.11	Gertie het nie buite gaan oefen nie, maar aangetrek. ✓	1

15.12	<p>In albei word sy as sensueel/verleidelik geteken. ✓ Teks 1: <i>Haar vingers is rooi van die moerbeie./Sy suig haar voorvinger ...</i> ✓</p> <p style="text-align: center;"><i>EN</i></p> <p>Teks 2: <i>Lang goue golwende hare./Sy was lank en slank ... en soepel./Met die hartseerwals het sy haar lyf so agteroor gebuig met haar kop terug./Haar nek was lank en melkwit ...</i> ✓</p>	<p>1 1</p> <p>1</p>
		[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD	6–7	5	4	3	0–2
Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 7 PUNTE	Diepgaande interpretasie van onderwerp -Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is -Uitstekende begrip van die genre en gedig	-Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer -Respons redelik gedetailleerd -Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie -Begrip van genre en gedig duidelik	-Redelike interpretasie van die onderwerp. -Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp -Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie -Basiese begrip van genre en gedig	-Onbevredigende interpretasie van die onderwerp -Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie -Onvoldoende begrip van genre en gedig	-Geen begrip van die onderwerp nie -Geen verwysing na die gedig nie -Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie
STRUKTUUR & TAAL	3	2	1	1	0
Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 3 PUNTE	-Samehangende struktuur -Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling -Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek -Grammatika, spelling en puntuasie feitlik foutvry	-Duidelike struktuur en logiese vloei van argument -Vloei van argumente kan gevolg word -Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek	-Enkele bewyse van struktuur -’n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel -Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas	-Struktuur toon tekens van swak beplanning -Argumente nie logies gerangskik nie -Taalfoute beduidend -Toon en styl nie geskik nie	-Struktuur swak -Ernstige taalfoute -Foutiewe styl
VERSPREIDING VAN PUNTE	9–10	7	5	4	0–2

AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD	12–15	9–11	6–8	4–5	0–3
Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 15 PUNTE	-Uitsonderlike respons: 14–15 Uitstekende respons: 12–13 -Diepgaande interpretasie van onderwerp -Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is -Uitstekende begrip van die genre en teks	-Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer -Respons redelik gedetailleerd -Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie -Begrip van genre en teks duidelik	-Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie -Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp -Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie -Basiese begrip van genre en teks	-Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie -Min punte wat die onderwerp ondersteun -Baie min relevante argumente -Weinig begrip van genre en teks	-Geen begrip van die onderwerp nie -Swak poging om die vraag te beantwoord -Argumente oortuig nie -Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie
STRUKTUUR & TAAL	8–10	6–7	4–5	2–3	0–1
Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 10 PUNTE	-Samehangende struktuur -Uitstekende inleiding en slot -Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling -Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek	-Duidelike struktuur -Logiese vloei van argument -Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer -Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek	-Enkele bewyse van struktuur -Logika en samehang is duidelik, maar met foute -Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas -Paragrafering meestal korrek	-Struktuur toon tekens van swak beplanning -Argumente nie logies gerangskik nie -Taalfoute beduidend -Toon en styl nie geskik nie -Paragrafering foutief	-Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente -Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk -Styl en toon nie geskik nie -Paragrafering foutief
VERSPREIDING VAN PUNTE	20–25	15–19	10–14	5–9	0–4